

Lees: 1 Kor.1:31b - 2:1-16

Teks: 1 Kor.2:1-5

Psalms: 23:1; 89:6; 33:9,10 ; 118:7,8,11

1. Inleiding

In 1 Korintiërs 2 kyk Paulus terug op sy bediening in Korinte:

- Hy vertel **wat** hy gepreek het, toe hy daar was: Net Jesus Christus, wat gekruisig is en niks anders nie.
- Hy skryf ook **hoe** mense in Korinthe tot geloof gekom het: Dit was absoluut nie deur die krag van sy mensewoorde, deur mooi preke dus nie. Dit het gebeur alleen deur die Heilige Gees wat werk deur die krag van die Evangeliewoord.

Paulus kyk terug en hy sê wat hy gedoen het. Maar as ek dit so sê, dan doen ek tog nie reg aan my teks nie. Ons teksverse is oneindig veel meer as maar net 'n terugblik van 'n mens, 'n prediker, op wat hy in 'n bepaalde gemeente gedoen het. Hier gee **die Heilige Gees self gee riglyne van wat elke prediker ook vandag nog moet doen.** Hy leer ons:

1. wat die enigste **inhoud** van elke dominee se Woordverkondiging moet wees;
2. wat die enigste **manier** is waarop die Woord verkondig moet word; en
3. wat die enigste **doel** van die Woordverkondiging is.

En dan wil ek by voorbaat u aandag daarop vestig dat die Heilige Gees in elkeen van hierdie drie punte van die mens heeltemal niks laat oorbly nie. Dit is Jesus Christus wat gekruisig is voor en Jesus Christus wat gekruisig is na.

1. HY alleen is die inhoud van elke preek;
2. HY alleen is die krag van elke preek;
3. HY alleen word verheerlik in elke preek.

Kom ons kyk dan eerstens

2.1. wat die enigste **inhoud** van elke dominee se Woordverkondiging moet wees

Die evangelie van die kruis is nie gewild nie. Die rede daarvoor is heel eenvoudig: Die evangelie leer ons: Die mens is 'n nul en Christus is alles.

Hierdie leer dat ons kan niks doen nie, dat God in Christus alles doen – dit breek ons trots af. Dit roep weerstand op. Ook in Korinthe het Paulus met die verset van die mens teen die evangelie van die gekruisigde Christus te doen gekry. In 1 Korintiërs 1:23 skryf Paulus daarvan: Hierdie verkondiging is 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke.

- Eerstens was daar die weerstand van die **Jood**: Die Jood wil hê dat sy krag en sy prestasies sal meetel. Sy werke, sy offers, sy gebede moet 'n bydrae lewer tot die verlossing. Maar die evangelie van die kruis skakel die mens volledig uit. Net Christus alleen bly oor. Net Hy alleen verlos ons. En dit kan dit Jood nie verdra nie. MAAR nou moet ons goed besef: Van nature kan geeneen van ons dit aanvaar nie. Daarom skryf Paulus in Galasiërs (1:11): Hierdie evangelie is nie na die mens nie. En dan bedoel hy: die mens in die algemeen. Vir die natuurlike mens in die algemeen is die woord van die kruis 'n steen van aanstoot.
- So 'n evangelie bots ook met die **Grieke** se opvatting van wysheid. Die mens wil met sy verstand die evangelie kan begryp. Maar die evangelie is nie aanvaarbaar vir die menslike verstand nie. Van nature begryp ons nie dat ons sondaars is en dat ons onself nie kan verlos nie. Van nature het ons geen besef dat ons sonde en sondeskuld het nie. Maar daarom is die evangelie van die kruis vir die mens die grootste dwaasheid.

Dit is die teenstand wat Paulus ontmoet het. Nogtans het hy hom nie aangepas by die mens nie. Wanneer hy terugkyk op sy bediening in Korinthe, verklaar hy: Toe ek by julle gekom het, het ek my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as *Jesus Christus, en Hom as gekruisigde*.

Ons kan maar sê: DIT was die inhoud van al sy PREKE, van sy KATKISASIE en van sy HUISBESOEK. Sy hele bediening was: Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.

Ek het my voorgeneem om *niks anders onder julle te weet nie* as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Daarmee bedoel Paulus: DAAR IS NET EEN WEG TOT VERLOSSING: Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Met hierdie woorde trek hy 'n dik streep deur die mens

en sy krag en hy onderstreep die kruis en die kruis alleen as die enigste krag tot saligheid. "Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem" (1:31).

Daartoe is ook elke dominee vandag geroep: om u heeltemal weg te wys van uself en u heeltemal heen te wys na Jesus alleen. Hy alleen maak ons lewe heel. Hy alleen herstel ons verhouding met God. Hy alleen herstel die verhouding tussen mens en mens. Hy alleen verlos ons van sondeskuld en sondemag.

Maar die Heilige Gees leer ons nie net **wat** 'n dominee vandag moet preek nie, maar ook **hoe**. Hy leer ons

2.2. wat die enigste **manier** is waarop die Woord verkondig moet word

In die **inhoud** (boodskap) van die Woordverkondiging word die mens heeltemal uitgeskakel. DIE MENS HET **GEEN KRAG** OM HOMSELF TE VERLOS NIE. Al wat oorbly, is die krag van God, dit wil sê: die krag van die kruis.

Maar ook in die **manier** waarop die Woord gebring moet word en mense oortuig moet word, word die mens en sy krag heeltemal uitgeskakel. In hierdie geval gaan dit om die mens die dominee. Net so min as wat die mens enige krag het om homself te verlos – NET SO MIN HET DIE MENS, DIE DOMINEE, **ENIGE KRAG** OM ANDER TOT GELOOF EN BEKERING TE BRING. Net die krag van woord van die kruis doen dit.

Paulus sê dus: die mensewoord is NIKS NIE. Mooi mensewoorde en 'n mooi voordrag het op sigself geen krag nie. Maar nou moet u weet: In die wêreld waarin die Korintiërs geleef het, is die mensewoord, die krag van die voordragkuns, juis wel hoog aangeskryf. Die Korintiërs was gewoon aan geweldige redenaars. Daar was dinamiese sprekers, wat met voortreflike, skitterende woorde, hulle gehoor kon meesleur. Van stap tot stap is die hoorders deur die mag en die krag van die woord tot 'n bepaalde oortuiging gebring. Die spreekkuns in daardie dae is ontwikkel tot 'n geweldige kragvertoning met woorde. Dit was 'n demonstrasie van die krag van die mensewoord.

Maar juis dit sien ons nie by Paulus nie. Hy distansieer hom uitdruklik van hierdie benadering: "Toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie" (v.1, vgl.v.4).

Teenoor MENS en krag van MENSE-woord stel Paulus iets anders: Gees en krag. Sy prediking was *in die betoning van Gees en krag*. Daarmee sê hy: My prediking was nie 'n demonstrasie van mensewerk nie, MAAR 'n demonstrasie van die werk van God die Heilige Gees. My prediking was NIE 'N DEMONSTRASIE VAN DIE KRAG VAN 'N MENSEWOORD NIE, MAAR 'N DEMONSTRASIE VAN DIE KRAG VAN DIE WOORD VAN DIE KRUIS.

- Met *Gees* bedoel Paulus dus die Heilige Gees. In sy woordverkondiging was die Gees aan die werk.
- En as hy praat van *krag* dan bedoel hy: die krag van die woord van die kruis: Want in hoofstuk 1 sê hy: Die woord van die kruis is die krag van God (1:18). En: Christus is die krag van God (1:24). In die Grieks staan vir krag die woord "dunamis". Ons hoor dit terug in ons woorde dinamiet en dinamies. Die woord van die kruis is die dunamis, die dinamiek van God. In die evangelie van Christus is die krag van God aan die werk.

In die Ou Testament word meer kere in plaas van die krag van God gepraat van die sterk hand en die arm en die regterhand van die HERE. Israel het die sterk hand van die HERE gesien in die verlossing uit die slawehuis van Egipte.

En in die Nuwe Testament sien ons God se hand nog veel heerliker geopenbaar: Christus is die arm van God; die woord van die kruis is sy reddende regterhand, wat nou na ons toe uitgesteek word. Daaraan mag ons ook dink as ons sing:

Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte
En red hul siele van die dood. (Ps.33:10).

Maar nou 'n belangrike saak: Paulus praat van Gees én krag, van die Heilige Gees én van woord van die kruis. En hierdie twee mag ons nooit losmaak van mekaar nie. **Die Heilige Gees werk deur die Woord**. Die evangelie is sy arm. Daarom moet die dominee net die woord van die kruis en dit alleen bring.

Maar andersyds moet ons as predikers en en u as hoorders terdeë besef: **Die woord van die evangelie bly vir ons bedek**, dit bly 'n geheimenis, tensy – **tensy die Heilige Gees die bedekking vir ons wegneem**.

Op hierdie werk van die Gees gaan Paulus dieper in wanneer hy in vers 10-11 sê: "Wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God".

Laat ek verduidelik: Ons sê soms: Ek kan nie gedagtes lees nie. Daarmee gee ons te kenne dat ons nie kan weet wat in iemand anders se gedagtewêreld aangaan nie. Net daardie persoon self, net sy eie gees weet wat sy planne en voornemens is. So is ook God se planne en gedagtes aan niemand anders bekend nie as net aan sy eie Gees. Hy alleen begryp die groot plan van God tot ons redding, die plan om sy Seun te stuur om vir ons aan die kruis te sterf.

Die evangelie van die kruis bly vir ons 'n onbegryplike raaisel. Dit bly vir die mens 'n struikelblok en 'n dwaasheid. Totdat – totdat die Gees van God ons blinde oog verlig.

Hy word aan ons gegee, sê die apostel, "sodat ons kan *weet* (kan verstaan) wat God ons uit genade geskenk het" (v.12). Die Heilige Gees is die groot Onderwyser van die kerk (Calvyn), nie die dominee nie.

Die Heilige Gees is die Een wat ons leer *wat God ons* uit genade *geskenk het*. Die Bybel is die klaskamer van die Heilige Gees. Daar leer die Heilige Gees leer ons verstaan dat God die Vader sy Seun aan ons gegee tot in die diepte van die ewige dood. Hy leer ons verstaan wat 'n Vader ons het: 'n Vader wat ons so ontsaglik lief het, dat Hy sy Seun vir ons gegee het. Die Heilige Gees toon ons God se Vaderhart in die wonder van die kruis.

Die Heilige Gees leer ons die Seun sien as 'n *genade*-geskenk. Ons het dit hoegenaamd nie verdien dat God sy Seun vir ons sou gee nie. Maar God het sy Seun gegee aan aan sondaars, aan mense wat die ewige dood dubbel en dwars verdien het. En wanneer ons dit deur die Heilige Gees so leer sien, dan word die kruis van Christus vir ons 'n wonder, 'n wonder waarvan ons stil word, 'n wonder waaroor ons ons verwonder met diep verwondering.

Wat die kerk vandag nodig het, is nie dinamiese predikers nie. Trouens, daar bestaan nie so iets soos dinamiese dominees nie. Ek as dominee het geen dinamiek, geen krag nie. Ek het geen krag om u te verander nie. Waar die kerk wel 'n behoefte aan het, is predikers wat die dinamiese woord van die kruis, die woord van die Heilige Gees, sal bring.

2.3. Die enigste **doel** van die Woordverkondiging is

Die woord van die kruis moet gebing word, sê die apostel in vers 5, "sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God".

In die Woordverkondiging moet daar niks oorbly van 'n glo in, van 'n steun op menslike vermoëns nie. Egte prediking leer ons om alleen te steun op die krag van God. DIT is die bedoeling van die evangelieverkondiging. Die Heilige Gees ontwortel ons uit die onvrugbare, dooie, doodbrengende grond van ons menslike planne en ons kragte. En dan plant Hy ons in in die lewegewende grond van Golgota.

Die bedoeling van die evangelieverkondiging is: die verheerliking van die krag van God, dit wil sê die verheerliking van die krag van die kruis. **DAAROP MOET MY BEDIENING GEMIK WEES.**

3. Slot

- Wat die dominee moet preek, is dit: dat die mens niks is nie en Jesus Christus wat gekruisig alles. DAAROM: Die wat roem, moet in die Here roem.
- Egte prediking is om net met die Woord alleen te kom, die woord van die kruis. Net die HEER se Woord is skeppingsmagtig, wat lewe uit die dood gebied. DAAROM: Die wat roem, moet in die Here roem.

AMEN